**Reeks:** Through the Eyes of Christ
**Titel:** ... Genade
**Prediker:** Trevor Hudson
**Datum:** 24 February 2013

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Vandag gaan om genade, iets wat so nodig is in ons lewens. Ek het ‘n vriend wat ‘n hele paar jaar gelede iets baie groot verkeerd gedoen het. Hy het na sy vrou toe gegaan, vir haar gesê hy is jammer, dis wat hy gedoen het. Sy het dadelik gevoel sy kan nie aangaan met die verhouding nie. Hy is vir terapie. Hy het tot diepe insig gekom. Hy het ‘n diepe berou, en sy grootste begeerte in hierdie lewe is om reg te maak en om sy lewe saam met sy vrou deur te bring. Sy voel sy kan nie vertrou nie, en wat vir ons as vriende so tragies is, dat dit vir ons lyk asof altwee van hulle se lewens nou stilgestaan het, dat hulle vasgevang is op ‘n plek, albei ongelukkig, kan nie vorentoe gaan en aangaan met hulle lewens nie, en ek wonder wat sou genade in daardie situasie beteken, en wat sou die effek van genade in daardie verhouding wees.

Ek het ‘n ruk gelede gepraat met ‘n jong meisie wat swanger geraak het op skool. Sy het besluit om nie te trou met die persoon nie. Sy maak die kind groot. Sy het opgehou met skoolgaan. Sy werk vir ‘n minimum salaris, en sy voel dat haar lewe nou om die kind draai, en dis al waarvoor sy lewe. Sy voel ook skuldig dat sy aan die een kant voel, maar sy wil aangaan. Sy het ook ‘n lewe wat nog vir haar voorlê. Haar gesin laat haar nie toe om uit te gaan of enige iets anderster te doen nie. Hulle voel sy moet haar verantwoordelikheid vat en na die kind kyk oor naweke as sy by die huis is. Sy voel so asof haar lewe tot ‘n einde gekom het deur dit wat sy gedoen het, en ek wonder wat sou genade in daardie situasie beteken, en wat sou die effek van genade op haar, op daardie gesin, op almal, wees.

Ek het ‘n ander persoon wat by die werk buite sy jurisdiksie opgetree het. Daar was ‘n dissiplinêre verhoor. Hy is nie afgedank nie, maar hy is gewaarsku. Hy het ‘n aanmaning ontvang. Die aanmaning is nou al van sy leêr af verwyder, maar hy sê na jare het hy besef dat sy toekoms in hierdie maatskappy gesluit is. Die direksie kyk op ‘n sekere manier na hom, en dit is verby. Hy geniet sy werk. Hy sou so graag wou vooruitgaan en alles doen vir


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

daardie maatskappy wat hy kan doen. Hy voel hy het soveel geleer deur die foute wat hy begaan het, maar hy is op 'n plek waar hy sal moet besluit of hy wil... kan aangaan by hierdie maatskappy.

Ek het 'n ander vriend. Hy is 'n predikant. Hy en sy vrou het jare gelede 'n kind aangeneem. Van die begin af was dit vir hulle 'n traumatiese ervaring gewees, en as jy met hom die nature / nurture gesprek het sal hy vir jou sê, ek glo nie in nurture nie. Opvoeding en omgewing tel nie, maak nie saak nie. Ons het vir hierdie kind gegee alles wat ons vir ons eie kinders gegee het. Ons het die kind aanvaar. Ons het hom lief. Hy doen presies wat sy pa en sy ma gedoen het, alhoewel hy hulle glad nie geken het nie, en hy weet nie wie hulle is nie. Dikwels het hy oproepe ontvang van die polisiekantoor af, van die skoolhoof se kantoor af, moes hy ingaan en moes hy instaan vir die kind se gedrag.

Die ergste was vir hom toe die kerkraad na hom toe kom en vir hom sê dat ons baie graag 'n Bybelse kerk wil wees, jy weet. En ek dink altyd as iemand met daardie woorde kom dan kry ek koue rillings want dan beteken dit wie wil nie dit wees nie en wie verstaan nou nie die Bybel mooi nie. Maar hulle sê toe vir hom dat die Bybel baie uitdruklik sê dat 'n leier sy eie huis goed moet regeer en sy kinders moet gelowiges wees, en sy kind is 'n groot verleentheid op hierdie klein, plattelandse dorpie, vir hom, maar ook vir die gemeente. En hulle vra hom om terug te staan van die prediking af, wat sy passie is, wat die een plek is waar hy gevoel het die Here hom gebruik, en eerder vir die ander predikant moet kans gee om te preek, want hy het nie sy huis onder beheer nie, en dat hy eerder maar bietjie aandag aan dit moet gee en dit moet regkry. Ek wonder hoe sou genade in daardie omstandighede lyk, wat sou die effek van genade gewees het op daardie persoon se lewe, op daardie kerkraad, in daardie gemeente se lewe, as daar genade was.

'n Persoon wat sy lewe saam met Jesus derugebring het, 'n dissipel was, skryf en sê, genade het deur die Here Jesus gekom. Hy sê, uit Sy volheid uit het ons ontvang genade op genade. Dis Johannes. Jy weet, en die ou, antieke tale is prentjie tale, en die prent wat hy hier oproep is... en deur sy woordgebruik en die ritme en die woordkeuse is, ons het soos golwe van die see genade op genade by Hom ontvang. So as jy ooit weer na die see kyk, dink aan die woorde van Johannes wat sê, soos wat die een golf na die ander


**© 2013 Mosaïek**

golf kom en dit hou net aan kom, so is die genade van die Here Jesus en die genade van God wat ons deur Christus ontvang het.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Wat beteken dit? Wat beteken genade? En ek het lank terug ‘n Sondagskoolklas gevra, julle outjies, sê vir my, wat beteken genade. Die hande het net so opgegaan. Dis Bloemfontein. Die een het gesê, die een dogtertjie, dit beteken, o gaats. Ek sê, hoe kom jy daarby uit? Sy sê, want elke keer as my ma iets doen wat verkeerd is, of die suikerpot val, dan sê sy, o genade. Die ander outjie het gesê dis Roger, over and out. Ek sê, hoe so? Hy sê, want kyk, as jy die Bybel lees, aan die einde dan sê Paulus, genade vir julle, koebaai julle, Roger, over and out.

Dis interessant dat ek agtergekom het dis nie net klein kindertjies is wat nie weet wat hierdie woorde gebruik nie. Ons weet baiekeer nie wat die groot woorde beteken in die Bybel nie, soos byvoorbeeld goedentierenheid. Ek weet nie, het jy al ooit gehoor dat iemand die woord gebruik? Wat beteken dit? Ek was in ‘n gemeente in die Kaap waar die ou sê, ek dank die Here vir al Sy goed, en vir al Sy tierenheid. Nou is ek eers deurmekaar. Wat beteken dit? Ja, dit is... daar is... ek het ‘n dosent gehad wat gesê het as jy in die moeilikheid is, gebruik net die Bybel se woorde. Niemand weet wat beteken dit nie.

Genade. Wat beteken genade? In die Ou Testament het die woord guns beteken, en dit is ook hoe hy dikwels vertaal word. Guns. Guns beteken positiewe ingesteldheid, goedkeuring. Dis hoekom jy die woorde in die Ou Testament gewoonlik kry: in die oë van. Jy vind guns in die oë van. Dit beteken iemand kyk na jou, hy sien iets in jou raak wat hom geval, waarvan hy hou, en as gevolg van dit gee hy vir jou guns, kry hy ‘n positiewe ingesteldheid in jou, geniet jy sy voorkeur, sal hy vir jou iets doen of jou voorkeur gee bo ander mense, omdat hy op hierdie manier na jou kyk, iets gekry het binne in jou.

Dit was ‘n baie algemene woord wat op... wat elke dag gebruik was. Hulle het mekaar so gegroet in die tyd van Jesus: charis. Dis die... ‘n Griekse woord. Dit beteken genade vir jou as ek jou groet. As ek jou totsiens sê dan sê ek charis, genade vir jou, en dit het ook... dit was ook ‘n wens, ‘n seën. As hulle ‘n glasies geklink het het hulle gesê, charis; mag jy genade ontvang. Mag jy


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

guns ontvang. Waar jy gaan, mag mense van jou hou, mag jy voorkeur geniet van mense, en mag jy... as gevolg daarvan, mag hulle goeie dinge doen vir jou. Mag hulle jou in diens neem. Mag hulle vir jou geskenke gee. Mag die lewe net vir jou uitwerk omdat jy die positiewe goedkeuring en guns van mense geniet. Dit is hoe hulle dit gebruik het.

Nou, in die Nuwe Testament, deur die koms van Jesus kry hierdie woord 'n dimensie by wat hy nie eintlik gehad het tot en met Jesus se gebruik nie. Jesus sê, jy kry dit, nie omdat jy iets gedoen het wat oulik was nie. Jy kry dit onverdiend. Jy kry dit net, guns. Maar nog iets verder, jy kry selfs die teenoorgestelde wat jy verdien. Jy verdien dit eintlik glad nie, op grond van dit wat jy gedoen het, maar ten spyte van van dit gee Ek jou guns, gee Ek jou genade.

Johannes sê dis al wat ek kan sê van die lewe van Jesus. Dis hoe Hy geleef het. As Hy rondgegaan het, dis wat Hy gebring het. Dis wat Hy gebring het. Paulus sê, Romeine 6:23, en dit illustreer dit mooi, as die Caeser vir sy soldate salaris gee dan gee hy vir hulle hulle loon wat hulle verdien. Maar op sy verjaarsdag dan sal hy vir hulle iets gee wat hulle glad nie verdien nie. Hy sal vir hulle sê, vat die dag af, en ek geer vir julle 'n dubbele bonustjek. Julle is nie geregtig op dit nie. Julle het dit nie verwag nie. Julle verdien dit glad nie, maar ek gee vir julle 'n charis, onverdiend.

Nou sê Paulus, Romeine 6:23, die loon van sonde is die dood. Dit waarvoor jy gewerk het, dit wat jy verdien as gevolg van dit wat jy gedoen het is die dood. Ons het almal iets al verkeerd gedoen. Ons verdien dit. Maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus. Hy gee vir ons die teenoorgestelde wat ons verdien. Dis charis. Dis genade. Jesus preek dit. In die gelykenis wat ons vanoggend gelees het vergelyk Jesus die Koninkryk van God en die koning met iemand wat uitgaan en vir mense gee wat hulle nie verdien nie. Hy is nie fair nie, en genade is nie fair nie.

God is regverdig, maar Hy is nie fair nie. Hy gee vir party mense tien en Hy gee vir party mense vyf. Hoekom? Omdat hy God is. Ek het 'n vriend gehad wat altyd gesê het, jy weet wat is die probleem met die Here? Hy dink Hy is God. Hy dink so want Hy is so. Hy kan maak met dit wat Hy het en Hy kan doen wat Hy wil. Maar daar is iets wat jy sal optel by Hom. Hy is regverdig.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Hy is konsekwent, maar Hy gee nie altyd vir mense wat hulle verdien nie. Hy gee vir hulle die teenoorgestelde wat hulle verdien. Ek meen, hier vat werkers... sesuur die oggend begin hy te werk. Vyfuur die middag begin hy te werk. Sesuur hou hulle op werk. Hy gee vir altwee dieselfde.

En daarom sal jy, as dit by genade kom, altyd hierdie gemengde reaksie kry, en dit is iets waarmee ons self wroeg in ons eie lewe, want as jy die ou is wat vyfuur begin werk, hoe sal jy voel as jy sesuur loop en jy het net 'n uur se werk ingesit, en jy kry dieselfde as die ou wat sesuur die oggend begin het? Jy sal voel dis nice. Dit is nou... dit is nou nice. Maar as jy sesuur begin te werk het, hoe sal jy voel? Dis nie lekker nie. Ek werk so hard en kyk wat... kyk wat kry ek. Maar tog kry jy wat jy verdien het. Daar is nie fout daarmee nie, maar jy voel net dis nie reg dat daardie ou dit kry nie, en daarom hierdie gemengde reaksie op genade.

Nou, hier is die... hier is die realiteit. Ons het almal sesuur begin werk, maar ons het ook vyfuur begin werk, so jy sal op sekere aspekte, dimensies, na sekere goed wat met jou gebeur in die lewe wat jy sê, ek wil asseblief net nie kry wat ek verdien nie want dan is dit verby met my, so ek is so dankbaar. Maar ander kere sal jy voel ek het my kant gebring. Ek het so hard gewerk daarvoor, nou kry ek nie wat ek verdien nie. Nou, Jesus nooi ons uit en Hy sê, leef in genade. Hoekom toon en bewys jy nie ook genade nie? En verstaan dit van God. Hy is 'n genadige God, en Hy gaan nie met jou werk en met jou optree volgens jou verdienste nie. Hy gee vir jou die teenoorgestelde, en Hy gee vir jou wat jy nie verdien nie. Aanvaar dit. Hy is... in Sy essensie en in Sy wese is God goed. Dink so.

Dis so moeilik vir ons om nie in terme van verdienste te dink nie. Ek meen, die hele wêreld werk so. Dis verdienste. In besigheid, in verhoudings, in... orals. In sport. Ek meen, dink jou in. Dink jou in. Die ou wat laaste kom, dink jou in vir 'n oomblik. Dis Comrades. Het jy al gesien wat gebeur daar op Comrades? Dis... en dis veral onder hardlopers wat jy hierdie ongenaakbaarheid teëkom. Dis nie so sterk onder ander sporte soos fietsry en so nie, maar jy kry daardie ou, dan gaan staan hy, nê, met daardie rewolwer, dan sê hy, boef! Trek die streep. Hou hulle weg! Uit is julle! Uit is julle! Julle is... julle maak nie betyds klaar nie.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Hy is nie verkeerd nie. Hulle het besluit op 'n tyd. Dit is hoe dit is. Maar kan jy jou nou indink as daar nou bietjie genade was? Jy, kom hierso. Kom deur. Kom jy deur hierso. Jy gaan podium toe. Jy gaan podium... ons gee nou vir jou die teenoorgestelde wat jy verdien. Jy kry die prysgeld en ons gee vir jou 'n goue medalje. Dis genade. Ons... Nee, nee, nee, maar dit kan nie so werk nie. Dit kan nie so werk nie

Maar ons bring dit in in ons verhouding met God ook, geestelik ook. Ek meen, al die godsdienste, dink bietjie daaroor, van die wêreld, is op een beginsel gebaseer. Daar is sekere goed wat jy moet doen om die goedkeuring van God te kan ontvang. As jy sekere goed doen is jy uit, dan het jy nie meer Sy voorkeur en Sy goedkeuring nie. Dis net in die Christendom waar jy hierdie vreemde konsep en begrip kry dat jy jouself nie kan regverdig nie, dat jy... jou bestaan kan jy nie regverdig nie. Jou goedheid kan jy nie regverdig nie. Wat jy ookal doen, dit sal tekortskiet.

Maar wees gerus, ten spyte van dit alles, God aanvaar jou. Hy vergewe jou. Hy toon jou genade. Jy kry sy positiewe ingesteldheid en Sy goedkeuring en Sy voorkeur. Jy het dit. Dis moeilik. Dink 'n bietjie as dit... as dinge begin verkeerd loop in jou lewe. Wat voel jy, huh? Dis algemeen. Ek weet nie wat doen ek nou verkeerd nie. En weet jy wat, so ek dink in terme van verdienste. Dit is hoe ek lewe. Dit is hoe ek dink. So... en as dit goed gaan, êrens moes ek iets reg gedoen het. Dis seker daardie bydrae wat ek gelewer het of dis my gebede begin nou werk of ietsie. Ek doen iets reg. Dis hoekom die lewe vir my beginne uitwerk, nê.

Jesus nooi ons uit en Hy sê, dit is nie hoe dit werk nie. Dink aan genade. Leef in genade. Dink genade. Betoon genade, want dit is wat ons gesien het in die lewe van Jesus. Hy skok net, en dit is hoekom dit so moeilik was vir mense om te sê, maar hoe kan Hy dit doen, hoe kan Hy dit sê, hoe kan Hy so maak. Hulle vang hierdie vrou, en die wet sê sy moet gestenig word. Sy moet gestraf word. Jesus sê vir haar, Ek vergewe jou. Ek vergewe jou. Gaan en sondig nie meer nie. Vat verantwoordelikheid vir jou lewe, wat... hoe jy leef en wat jy gedoen het. Maar jy kry nou nie wat jy verdien nie. Jy kry die teenoorgestelde wat jy nou verdien. Dit het so 'n groot effek op haar lewe. Haar hele lewe draai om. Sy word 'n getuie van Jesus en van Sy goedheid en van wat Hy kan leef.


**© 2013 Mosaïek**

Twee groot goed oor die genade van die Here.  Dis iets wat ons kan ontvang, maar jy kan dit nie verdien nie, en jy ontvang dit in die geloof.  Dis wat Paulus sê, Romeine 5:2 sê hy, deur die geloof het ons toegang verkry tot die genade waarin ons staan.  En daarom sal jy nooit in die Bybel lees dat iemand die genade van God verdien het nie.  Ons lees dat iemand genade gevind het in die oë van die Here, nie op grond van wat hy gedoen het of van 'n... want u moet verstaan, dit kom in elk geval alles van God af.  Alles kom van God af.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030 ◆
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

God het klaar genade betoon, want in Sy essensie, Hy is 'n genadige God.  Die Hebreër briefskrywer sê as jy na Sy troon toe gaan dan sal jy uitvind dis 'n genadetroon.  Die Een wat sit en regeer in hierdie heelal oor hierdie wêreld is 'n genadige God, en jy sal dit vind as jy by Hom kom.  Jy kan dit net ontvang.  Jy kan dit net aanvaar, en dit kan so moeilik wees vir ons.  Dink 'n bietjie in jou eie lewe of dit makliker is om te gee as wat dit is om te ontvang.  Dink 'n bietjie daaraan.  Jesus kon ook ontvang.  Dis eintlik skokkend as jy dink na wat Hy gevat het wat mense gegee het.  Ek meen, 'n vrou kom, Hy sit by die skatkis in die kerk, en sy gee... haar laaste geld gooi sy vir die kerk in.  En wat doen Jesus?  Hy vat dit.

Jy weet, ek onthou ons het eenkeer geld getel.  Lank terug het ek gehelp om die geld te tel na die dienste, en ek... en iemand kry 'n koevertjie van 'n weduwee in die gemeente, en sy gee letterlik haar tiende.  Dit was iets soos R33,40.  Sy betaal tiende op haar pensioen wat sy kry.  En die eerste reaksie van die tannie wat saam met my die geld getel het was, ons kan nie hierdie geld vat nie.  Ons gee dit terug vir haar.  Ons gee dit terug vir haar, jy weet.

Dis half Jesus vat daardie laaste geld.  Hy vat 'n klein seuntjie se ete.  Hy het twee vissies, drie broodjies.  Hy vat dit.  Jesus vat daardie duur parfuum, die nardussalf wat daardie vrou gebruik en op Hom... en op Sy voete smeer.  Die tesourier het dadelik probleme.  Ons kan dit verkoop.  Ons kan geld kry en ons kan mense help hiermee.  Hy vat dit.  Jy moet ook kan ontvang.  Hier is die realiteit.  As jy dit nie kan ontvang nie gaan jy dit nie kan gee nie.

Jy weet, ons verstaan dikwels daardie teksverse verkeerd wat sê as jy nie vergewe nie dan gaan God jou nie vergewe nie.  Wat dit beteken is dat as jy


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

nie die vergifnis van God kan ontvang nie gaan jy nie kan vergewe nie, en daarom sal jy ook nie vergewe word nie, omdat jy dit nie kan ontvang nie. Dis die een belangrike oopsluit van 'n genadige lewe, is 'n ervaring dat God jou genadig is, en jy ontvang dit deur die geloof. Kan jy vanmôre dit vind? Kan jy dit vanmôre aanvaar, of hou jy nog vas aan die verdienste?

Hou jy nog vas aan idees soos alles wat verkeerd gaan loop in hierdie wêreld gaan met my verkeerd loop. Ek weet dit. Ek weet dit. Of dink jy jy het genade, God is genadig? Weet jy wat sê Psalm 23, die Psalm...? Hy sê, net goedheid en guns, genade, sal my volg al die dae van my lewe. Dis sy mentaliteit. Nou, weet jy wat, die woordjie daar, sal my volg, is eintlik, agtervolg. Dis hoekom die Engelse sê, will pursue me. En die woord wat hy daar gebruik is vir honde, jaghonde. Hy sê, ek sien die Here het twee honde. Die een se naam is Goedheid en die ander een se naam is Genade.

Nou, arme ek. Ek is soos 'n ou hasie wat hardloop hierso in die veld, en ek kan nie wegkom nie. Hierdie twee honde van die Here vang my elke keer, Goedheid en Guns, al die dae van my lewe. Dis nou 'n mentaliteit, nê. Dis nie ek weet alles gaan... nee, ek weet iets gaan goed wees... gaan gebeur, jy weet. Dis... soos 'n vriend van my kom eenkeer en hy kyk so, en ons het iets gereël vir hom. Hy sê, ek weet wat julle gedoen het. Julle wil weer nice wees vir my, huh. Ja, ons het toevallig, maar dit is daardie ingesteldheid. Kan jy vanmôre dit glo? Kan jy aanvaar God hou van jou? Jy het Sy voorkeur. Jy het Sy guns ontvang. Jy het... God is genadig teenoor jou. Ontvang dit net. Aanvaar dit net.

Tweede groot ding is, dis 'n ervaring. Dit is nie 'n konsep nie. Dis nie 'n dogma nie. Dis nie net iets wat jy moet aanvaar, verstandelik moet in glo, ja, dit is nou hoe die Here is nie. Jy moet dit ook beleef, want dit is wat die... die Hebreeuse woord yada, die Griekse woord ginosko beteken om te ken, beteken om te ken deur ervaring en deur ondervinding.

Om te weet van genade beteken nie jy beleef genade nie. Om te weet van liefde en te verstaan van liefde beteken nie jy het lief en jy ervaar liefde nie. En dis presies dieselfde ook met die genade, so as Paulus sê deur die genade van die Here is ek wat ek is beteken dit nie net dat ek is onverdiend wat ek is


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

nie. Dit beteken ook die belewenis van God se goedkeuring, Sy voorkeur op my lewe, is so groot dat dit verander my, dit raak my, en dit het hierdie effek op my dat ek vandag is wat ek is. En die effek van God se genade is groot. Dit kring uit.

Oombliklik gaan jy genade vind by ander mense as jy genade by God het. Oombliklik gaan jy arbei, gaan jy wil werk, gaan jy goed doen, maar jy doen dit vanuit jou genade uit, nie om die guns van God te kry nie. Omdat jy weet ek het Sy guns, daarom doen ek goed vir God. Daarom gee ek vir Hom uit dankbaarheid. Dis 'n heel ander lewe en effek, maar dit is 'n krag. Ons kan so maklik dink omdat ons die konsep het deel ons in die realiteit, maar die konsep is net die vinger wat na die maan toe wys. Dis nie die maan nie. Jy moet nog by die maan uitkom, jy weet. Dis soos foto's kyk. 'n Foto is 'n idee, is 'n gedagte. Dis 'n herinnering aan 'n ervaring, maar dis nie die ervaring self nie. Daar is 'n groot verskil tussen foto's kyk en die ervaring van wat daardie foto... wat daar plaasgevind het, waarvan die foto praat.

Ons word uitgenooi om in die genade... om die genade van God te beleef, om dit te ervaar in ons lewe, en ek dink baiekeer is die ervaring van genade deur ander mense 'n voorbereiding, partykeer nie net 'n voorbereiding nie, is dit die kanaal waardeur jy God se genade beleef en ervaar in jou lewe. So kan jy nou terugdink vir 'n oomblik aan 'n tyd toe jy genade beleef het, net 'n positiewe ingesteldheid, 'n goedkeuring? Kyk, dit is natuurlik wat met jou gebeur as jy verlief raak, nê. Dis net ongelukkig ook 'n oomblik van totale blindheid waarmee jy geslaan word, maar dit is skielik daardie voorkeur, dit is skielik daardie ek hou van jou. Ja glo dit, glo dit. Jis, ek kan nie... ja, maar jy moet dit nou maar glo. Dis nou hoe dit is. Ek het dit net skielik.

Miskien toe... as 'n kind, toe jy grootgeword het, het jy die voorkeur, genade by jou ouers, het jy dit beleef? Party het nie. Ek is so dankbaar vir 'n moeder. Ek is so dankbaar vir 'n oupa. Ek onthou dit nog, die goed wat gebeur het, nê, wat net vir my gesê het, daardie kyk. Ek onthou die eerste keer toe ek die trekker self bestuur het. Ek kon nie op die sitplek sit nie. Ek was te klein, dan kom ek nie by die koppelaar en die remme by nie. Ek moes staan en bestuur. En ek... ja, jy kan, man. Jy kan. Klim op. Start hom. Maar oupa... Ja, trek in, trap op die koppelaar. Wieg so op hom dat ek met al my gewig hom kan afkry.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek onthou toe daardie trekker daar wegspring. Hy het so gehop, hop, hop, en daar gaan ek, jy weet, 0,1 kilometer per uur, rrrrr. En hy kyk so na my. Hy sê, ek het jou mos gesê. Ek onthou daardie kyk. Ek onthou daardie vingertjie wat so vir my gewys het. My bors het so geswel. Ek kan. Hy hou van my. Hy dink ek kan enige iets doen. As daar iets... daar 'n probleem is, Johan! Ek weet Johan kan, huh, daardie voorkeur, daardie belewenis van iemand wat in jou glo, iemand wat in jou glo.

Dink net 'n bietjie, as daar nie... as iemand nie in jou geglo het nie het jy dalk vandag gekruip kerk toe. Kom ek verduidelik vir jou. Want daar het iemand gesê hy kan loop. Daar was nog geen bewyse jy kon loop nie. Hy het geglo jy kan loop. Hy het jou opgetel, of sy het jou opgetel, jou gelos. Jy het weer neergeslaan. Hulle het nie gesê, ag nee, sy kan nie loop nie. Ek los haar. Los haar. Sy gaan nie loop nie. Hy het gesê, ek weet hy kan. Ek weet die potensiaal is daar. Dis daardie, wow, kyk daar, jy doen dit. Jy doen dit. Dis daardie goedkeuring, daardie liefde, daardie geloof in jou wat daar is.

En dis wat God vir ons het. En as jy daardie belewenis het, jy kan dit oordra en sê, maar dis hoe God... Maar dit kan ook kom op verrassende maniere wat jy nie kan verwag nie, in verhoudings, maar in jou tyd met God. Net deur die skrifte te lees, te mediteer, kan jy daardie stem hoor wat in jou binneste met jou praat en vir jou sê Ek het 'n welbehae in jou. Ek het 'n welbehae in jou. Jy het My guns. Romeine 8:16, The Living Bible, sê the Holy Spirit speaks to us and tells us deep in our hearts that we are the children of God. Jy is My geliefde kind in wie Ek 'n welbehae het. Jy het My guns. Jy het My genade ontvang, en die effek is groot.

Weet jy, daar was 'n gebruik in die tyd van Jesus waar hulle... waar die Romeine gesing het by iemand, partykeer by sy verjaarsdag, of as hulle... dan is dit 'n wens, maar... in die Latyn 'n charm [?]. Dit is 'n... dit is waar chants vandaan kom ook. Dis partykeer 'n kort refrein wat hulle net oor jou gesing het, en dan het hulle geglo dat hulle plaas nou so 'n spell op jou. Daar is nou so magic om jou, en jy... jy gaan nou guns ontvang. Waar jy kom dan gaan daar... jy gaan liefde kry. Jy gaan... iemand gaan vir jou werk gee. Iemand gaan... net omdat hulle van jou hou gaan mense met jou besigheid doen en


**© 2013 Mosaïek**

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

goed... wonderlike goed gaan nou, want jy is nou gecharm. Jy is nou... hierdie ding is nou oor jou uitgedoen.

Weet jy wat sê Sefanja 3:17, en ek kon nie gehelp het om te dink aan Sefanja 3:17 toe ek dit lees, hoe hierdie gebruik daar was nie? Hulle sê die Here sing oor jou. He rejoices over you with singing. En daardie woordjie, rejoice, beteken... in die Hebreeus, beteken to spin around and to leap into the air. Dis vreemde beelde van God hierdie, nê, oor jou. En dan sing Hy oor jou. Wow, ek kan nie... dit is... dis hierdie selfde ding wat in die Heidense kultuur was. Maar die Christene het toe gegaan, hulle het iets van dit gevat, maar hulle het dit verchristelik.

Hulle het daardie gebruik tot bekering gebring en gesê maar kom ons doen dit anderster. Ons spreek 'n seën oor mense uit. Ons sê vir mense, genade vir jou. Maar as jy dit glo, want dit is hoe die Here dit vir die Leviete, vir die priesters ook gesê het, as jy vir hulle sê, die Here laat Sy aangesig oor jou skyn en Hy sal vir jou genade gee, dan gebeur dit. Dan gebeur dit, as jy dit glo. Julle moet dit glo as julle dit doen. So ek... ons het hierdie gebruik dat ons spreek dit oor mekaar uit sodat ons kan groei in die genade van die Here.

Nou, wat beteken dit, dat die... dan gaan die Here meer van jou hou? Nee, jy kan nie... Hy kan jou nie meer liefhê nie. Hy kan nie meer van jou hou nie, maar weet jy wat, jy kan meer dink Hy hou van jou. Dit kan groei in jou. Jou oortuiging, jou belewenis, jou geloof kan groei in die genade van God, dan groei jy in die genade van God. So as Petrus byvoorbeeld die gemeente groet dan sê hy hulle, mag genade vir julle vermeerder word deur die kennis van die Here Jesus. Hy sê, luister nou mooi, ek sal vir julle sê, as julle meer kennis kry van die Here Jesus dan gaan julle meer genade ontvang.

Julle gaan net meer besef en agterkom en beleef en weet, en met daardie bewussyn begin te leef. Jy hoef jouself nie meer te regverdig nie. Jy is geregverdig. Jy het die genade van God. Jy het God se guns ontvang. Jy het dit. Jy kan... As jy dit probeer verdien dan verloor jy dit, dan is dit nie meer genade nie. Jy ontvang dit. Jy het dit. So, dit is hoe Paulus mense groet. Die laaste woorde van die Bybel, Openbaring 22:21, die genade van die Here Jesus Christus sy met jou, amen.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030 ◆
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saam wees om net weer na stories van U genade te luister, net weer te dink en te peins oor die lewe wat U geleef het, vir ons kom voorhou het. En dis so wonderlik as ons aan daardie verhale dink oor hoe U genade betoon het, en watse groot verskil, watse genesing dit gebring het, watse eer dit gebring het, watse dignity dit gebring het, watse nuwe hoop dit gebring het. Ons dank U daarvoor. Dankie dat ons U genade kan ontvang.

En ons wil vra vanmôre, vir die van ons wat miskien so twyfel, wat miskien so sukkel, miskien op grond van dit wat ons gedoen het en waardeur ons gegaan het voel ons dit is net so onmoontlik. Help ons om verby alle kondisionering van ons lewe te beweeg na ‘n diep geloof toe dat U ‘n genadige God is en dat U vir ons gee wat ons glad nie verdien nie. Help ons. Help ons vanmôre ook om nie net te glo nie, te beleef, maar ook om te kan leef. Miskien is ons in omstandighede nou, in ‘n verhouding, by ons werk, of selfs met U, waar genade vereis word, waar genade verlang word, waar alles roep na genade, vir nuwe lewe, vir nuwe vryheid om in daardie situasie in te kom. Ons bid daarvoor in die naam van Jesus, amen.

Die genade van die Here Jesus, met ander woorde ‘n diepe bewussyn, ‘n belewenis van die feit dat jy die guns van die Here Jesus het, bly met jou in hierdie week wat voorlê, amen.


**© 2013 Mosaïek**